



Bybel vir Kinders
bied aan

Toe God alles
gemaak het



Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus
Alastair Paterson
Aangepas deur: Bob Davies; Tammy S.
Vertaal deur: Hannelie Niemandt
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2020 Bible for Children, Inc.

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk, maar u mag dit nie verkoop nie.



Wie het ons gemaak? Die Bybel, God se Woord, vertel ons hoe die menslike lewe begin het. Lank gelede het God die eerste man gemaak en hom Adam genoem. God het Adam uit die stof van die aarde gemaak. Toe God asem in Adam ingeblaas het, het Adam lewendig geword. Toe Adam lewend geword het, was hy in die


mooi tuin van Eden.




Voor God vir Adam gemaak het, het Hy eers die wêreld gemaak met al die wonderlike dinge daarin. Stap vir stap het God die berge gemaak, die woude, die blomme wat lekker ruik, en die groot bome, die mooi gekleurde voëls, die bye wat zoem, die walvisse en die slakke.




Heel in die begin, voor God enige
iets gemaak het, was daar niks
nie, net God. Geen mense, geen
dinge of plekke nie. Niks.
Geen lig, net donkerte.
Geen op of af, geen
môre. Net God, wat
geen begin of einde
het nie, was daar.
Toe het God besluit
om iets te doen! In die
begin het God die hemel
en die aarde gemaak.




Die aarde was woest en
leeg. En daar was
donkerte op die
wêreldvloed.
Toe het God
gesê: "Laat
daar lig
wees."



En daar was lig. God het die lig dag genoem en die donkerte het Hy nag genoem. Dit was aand en môre, die eerste dag.



Op die tweede dag het God die waters van die oseane, see en mere op hulle plek op die aarde gesit. Op die derde dag het God gesê: "Laat die droë land verskyn." En dit het so gebeur.




God het ook die gras en die blomme en die struike
en die bome beveel om te groei op die
aarde. En dit was aand en
môre, die derde dag.



Toe het God die son en die
maan en die sterre, wat
niemand kan tel nie, gemaak.
En dit was aand en môre,
die vierde dag.




Seediere en visse en voëls was volgende op die lys. Op die vyfde dag het Hy die die groot swaardvis, die klein sardientjies en die lang-been volstruis gemaak en ook die suikerbekkies. God het elke soort vis en voël gemaak.



Daarna het God gesê: "Laat die aarde vol lewende diere word..." Alle soorte diere, insekte, reptiele, olifante, bewers, apies en krokodille is gemaak. God het ook die wurms, die nagapies, kameelperde, katte en honde en elke soort dier waaraan jy kan dink, op daardie dag gemaak.

Dit was aand en môre, die sesde dag.



God het iets anders ook op die sesde dag
gemaak, iets baie spesiaal. Alles was nou gereed
vir die mens. Daar was kos in die veld en diere wat
die mens kon dien. God het gesê: "Kom ons maak 'n

mens na ons beeld, sodat hy
kan heers oor alles wat op die
aarde is." EN GOD HET DIE
MENS GESKAPE NA SY
BEELD; NA DIE BEELD
VAN GOD HET HY
HOM GESKAPE.



God het vir
Adam gesê.
"Jy kan van alles
in die tuin eet.
Maar jy mag nie
van die boom van
kennis van goed
en kwaad eet
nie. Want as
jy van daardie
boom eet, sal
jy sekerlik
doodgaan."



En God het gesê: "Dit is nie goed vir die mens om alleen te wees nie. Ek sal vir hom 'n maat maak wat by hom pas." God het al die voëls en die diere na Adam gebring. Adam het vir hulle almal name gegee. Hy moes baie slim gewees het om dit te kon doen. Maar tussen al die diere was daar nie een wat reg was vir Adam vir 'n maat nie.



God het Adam in 'n diep slaap laat val. Toe het Hy een van Adam se ribbes uitgehaal terwyl hy geslaap het. God het 'n vrou uit Adam se ribbebeen gevorm.

Die vrou wat God gemaak het, was presies reg om Adam se maat te wees.



God het dit alles op die sesde dag gemaak.
Toe het Hy die sewende dag geseën en dit
geheilig en dit 'n dag van rus gemaak. In
die tuin van Eden het Adam en Eva in
perfekte geluk gebly terwyl hulle
gehoorsaam was aan God, hulle
Heer, Versorger en Vriend.



Toe God alles gemaak het
'n Storie uit God se woord, die Bybel,
soos gevind in
Genesis 1-2

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130



Die E inde



1



60



Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God
wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!

As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word. Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God! Johannes 3:16

